Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 601 Cape Town, Kaapstad, 7 July 2015 **No. 38976**

THE PRESIDENCY

No. 592 7 July 2015

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 4 of 2015: Financial and Fiscal Commission Amendment Act, 2015

DIE PRESIDENSIE

No. 592 7 Julie 2015

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No 4 van 2015: Wysigingswet op die Finansiële en Fiskale Kommissie, 2015

9 771682 584003 38976

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ]	Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
_____	Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 3 July 2015)

ACT

To amend the Financial and Fiscal Commission Act, 1997 ("the principal Act"), so as to insert, substitute and delete certain definitions; to effect changes to the provisions dealing with the functions of the Commission to ensure that the terminology used and consideration of the Commission's recommendations are aligned to the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 ("the Constitution"), and other legislation; to strengthen the requirements for organs of state concerning the Commission's recommendations on the assignment of a power or function by an organ of state in one sphere of government to an organ of state in another sphere of government; to adjust the period for filling of vacancies in the Commission and to repeal a duplicate provision on the same matter; to provide for the appointment basis of members of the Commission; to provide that a person may not hold office as a member of the Commission for more than 10 consecutive years; to give effect to section 219(5) of the Constitution by introducing measures for the determination of the remuneration, allowance and other service benefits of the members of the Commission similar to the other constitutional institutions as provided for in the Determination of Remuneration of Office-bearers of Independent Constitutional Institutions Laws Amendment Act, 2014; to provide for the appointment of a person to the newly created administrative position of the chief executive officer, shift the chief executive officer's and accounting officer's responsibilities from the Chairperson to the person appointed as the chief executive officer of the Commission, who must also function as the Secretary to the Commission; to enable delegations and instructions by the chief executive officer; to insert new provisions regulating the conduct of members of the Commission and to delete a specific provision on conduct since it will be replaced by those new provisions; to align terminology used in the principal Act with that of the Public Service Act, 1994, in respect of employees seconded from the public service to the Commission; to align the date for the submission of the Commission's audited financial statements and annual report to Parliament with the provisions in the Public Finance Management Act, 1999; to substitute the reference to the Central Statistical Service for the Statistics South Africa; to enable the Commission to obtain information from any person; to replace the Minister's power to make regulations with a power for the Commission to make rules regarding its functioning including the distinct roles of, and the relationship between, the Chairperson of the Commission and the chief executive officer; to repeal transitional arrangements; and to provide for matters connected therewith.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 3 Julie 2015)

WET

Tot wysiging van die Wet op die Finansiële en Fiskale Kommissie, 1997 ("die Hoofwet"), ten einde sekere omskrywings in te voeg, te vervang en te skrap; veranderings aan te bring aan die bepalings wat oor die funksies van die Kommissie handel ten einde te verseker dat die terminologie wat gebruik word en die oorweging van die Kommissie se aanbevelings in ooreenstemming is met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 ("die Grondwet"), en ander wetgewing; die vereistes vir staatsorgane aangaande die Kommissie se aanbevelings oor die opdraging van 'n bevoegdheid of werksaamheid deur 'n staatsorgaan in een regeringsfeer aan 'n staatsorgaan in 'n ander regeringsfeer, te versterk; die tydperk vir die vul van vakatures in die Kommissie aan te pas en 'n duplikaatbepaling oor dieselfde aangeleentheid te herroep; voorsiening te maak vir die aanstellingsgronde van lede van die Kommissie; te bepaal dat 'n persoon nie vir meer as 10 jaar agtereenvolgend 'n lid van die Kommissie mag wees nie; gevolg te gee aan artikel 219(5) van die Grondwet deur maatreëls in te voer vir die vasstelling van vergoeding, toelaes en ander diensvoordele van die lede van die Kommissie soortgelyk aan die ander grondwetlike instellings soos in die Wysigingswet op Wette Rakende Bepaling van Besoldiging van Ampsbekleërs van Onafhanklike Grondwetlike Instellings, 2014, voor voorsiening gemaak; voorsiening te maak vir die aanstelling van iemand, in die nuutgeskepte administratiewe posisie van hoof uitvoerende beampte, die hoof uitvoerende beampte en rekenpligtige beampte se verantwoordelikhede te skuif van die Voorsitter na die persoon aangestel as die hoof uitvoerende beampte van die Kommissie, wat ook as die Sekretaris van die Kommissie moet optree; delegerings en opdragte deur die hoof uitvoerende beampte te magtig; nuwe bepalings in te voeg wat die gedrag van lede van die Kommissie reël en 'n spesifieke bepaling oor gedrag te skrap aangesien dit deur daardie nuwe bepalings vervang sal word; terminologie wat in die Hoofwet gebruik word in ooreenstemming te bring met dié van die Staatsdienswet, 1994, ten opsigte van werknemers wat van die staatsdiens na die Kommissie gesekondeer is; die datum vir die voorlegging van die Kommissie se geouditeerde finansiële state en jaarverslag aan die Parlement in ooreenstemming te bring met die bepalings in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999; die verwysing na die Sentrale Statistiekdiens te vervang deur Statistieke Suid-Afrika; die Kommissie te magtig om inligting van enige persoon te verkry; die Minister se bevoegdheid om regulasies uit te vaardig te vervang deur 'n bevoegdheid vir die Kommissie om reëls aangaande sy funksionering te maak, met inbegrip van die onderskeie rolle van, en die verhouding tussen, die Voorsitter van die Kommissie en die hoof uitvoerende beampte ; oorgangsbepalings te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 99 of 1997

1. Section 1 of the Financial and Fiscal Commission Act, 1997 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the insertion before the definition of ''Commission'' of the following definition:

'' **'chief executive officer'** means the chief executive officer appointed in terms of section 19(1);'';

(b) by the substitution for the definition of ''financial year'' of the following definition:

'' **'financial year'** means the financial year **[of the Commission, which is the same as that of state departments]** beginning 1 April and ending 31 March the ensuing year;'';

(c) by the insertion after the definition of ''financial year'' of the following definition:

'' **'Independent Commission'** means the Independent Commission for the Remuneration of Public Office-bearers established by section 2 of the Independent Commission for the Remuneration of Public Office-bearers Act, 1997 (Act No. 92 of 1997);'';

(d) by the insertion after the definition of ''President'' of the following definition:

'' **'Public Finance Management Act'** means the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);''; and

(e) by the deletion of the definitions of ''state department'' and ''this Act''.

Amendment of section 3 of Act 99 of 1997, as amended by section 1 of Act 25 of 2003

2. Section 3 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) The Commission **[acts as a consultative body for, and]** makes recommendations **[and gives advice]** to**[,]** organs of state **[in the national, provincial and local spheres of government]** on financial and fiscal matters in accordance with section 220 of the Constitution.'';

(b) by the substitution in subsection (2A) for paragraph *(a)*(ii) of the following paragraph:

''(ii) request the recommendation **[or advice]** of the Commission regarding the assignment.'';

(c) by the substitution in section (2A) for paragraphs *(b)*, *(c)*, *(d)* and *(e)* of the following paragraphs, respectively:

''*(b)* The Commission must, not later than 180 days from the date of its receipt of the notification and request contemplated in paragraph *(a)* or such other period agreed with the relevant organ of state, make such recommendation **[or give such advice]** on the intended assignment as may be appropriate.

(c) An assignment contemplated in paragraph *(a)* has no legal force unless the organ of state making such assignment has requested and given consideration to the Commission's recommendation **[or advice]** contemplated in paragraph *(b)*.

(d) The organ of state assigning any power or function to another organ of state must **[indicate]** in an accompanying memorandum explain to the Commission, the organ of state to which a power or function is being assigned, the National Treasury and any other functionary responsible for authorising such assignment, the extent to which it has considered and taken into account the Commission's recommendation **[or advice]** contemplated in paragraph *(b)*.

(e) Despite paragraph *(c)*, if the Commission does not make a recommendation **[or give advice]** within the period contemplated in paragraph *(b)*, the relevant organ of state may, after consultation

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 99 van 1997

1. Artikel 1 van die Wet op die Finansiële en Fiskale Kommissie, 1997 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van ''finansiële jaar'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'finansiële jaar' ['n]** die finansiële jaar **[van die Kommissie, wat dieselfde as die van staatsdepartemente is]** wat op 1 April begin en op 31 Maart van die volgende jaar eindig;'';

(b) deur die omskrywing van ''hierdie Wet'' te skrap;

(c) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''hierdie Wet'' in te voeg:

'' **'hoof uitvoerende beampte'** die hoof uitvoerende beampte ingevolge artikel 19(1) aangestel;'';

(d) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''Minister'' in te voeg:

'' **'Onafhanklike Kommissie'** die Onafhanklike Kommissie vir die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs ingestel by artikel 2 van die Wet op die Onafhanklike Kommissie vir die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 1997 (Wet No. 92 van 1997);'';

(e) deur die omskrywing van ''staatsdepartement'' te skrap; en

(f) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''werknemer'' in te voeg:

'' **'Wet op Openbare Finansiële Bestuur'** die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);''.

Wysiging van artikel 3 van Wet 99 van 1997, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 25 van 2003

2. Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die Kommissie **[tree op as 'n konsultatiewe liggaam vir, en]** doen ooreenkomstig artikel 220 van die Grondwet aanbevelings **[en gee advies]** aan**[,]** staatsorgane **[in die nasionale, provinsiale en plaaslike sfere van regering]** oor finansiële en fiskale aangeleenthede.'';

(b) deur in subartikel (2A) paragraaf *(a)*(ii) deur die volgende paragraaf te vervang:

''(ii) die aanbeveling **[of advies]** van die Kommissie aangaande sodanige opdraging versoek.'';

(c) deur in artikel (2A) paragrawe *(b)*, *(c)*, *(d)* en *(e)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

''*(b)* Die Kommissie moet, nie later nie as 180 dae vanaf die datum van die ontvangs deur hom van die kennisgewing en versoek in paragraaf *(a)* beoog, of binne die ander tydperk waaroor met die betrokke staatsorgaan ooreengekom is, die aanbeveling doen **[of die advies gee]** oor die voorgenome opdraging wat gepas is.

(c) 'n Opdraging in paragraaf *(a)* beoog het geen regskrag nie tensy die staatsorgaan wat die opdraging uitvoer **[oorweging geskenk het aan]** die Kommissie se aanbeveling **[of advies]** in paragraaf *(b)* beoog versoek het en oorweging daaraan geskenk het.

(d) Die staatsorgaan wat enige bevoegdheid of funksie aan 'n ander staatsorgaan opdra, moet die mate waarin hy **[oorweging geskenk het]** aan die Kommissie se aanbeveling **[of advies aandui vir]** in paragraaf *(b)* beoog oorweging geskenk het en dit in ag geneem het, in 'n gepaardgaande memorandum aan die Kommissie, die staatsorgaan aan wie 'n bevoegdheid of funksie opgedra word, die Nasionale Tesourie en enige ander funksionaris wat vir die magtiging van sodanige opdraging verantwoordelik is, verduidelik.

(e) Ondanks paragraaf *(c)* kan die betrokke staatsorgaan, indien die Kommissie nie binne die tydperk in paragraaf *(b)* beoog 'n aanbeveling doen **[of advies gee]** nie, na oorleg met die Nasionale

with the National Treasury, proceed to assign a power or function to another organ of state if such assignment takes into account the measures referred to in subsection (2A)*(a)*(i).''; and

(d) by the substitution in subsection (2D) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''Before requesting the recommendation **[or advice]** of the Commission, the organ of state seeking to assign the power or function must, in the case—''.

Amendment of section 4 of Act 99 of 1997

3. Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''The Commission is responsible for determining and overseeing the strategic direction and the operational policy of the Commission, and may do all that is necessary or expedient to perform its functions effectively, which includes the power to—''.

Amendment of section 5 of Act 99 of 1997, as substituted by section 2 of Act 25 of 2003

4. Section 5 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

''(3) The President must make an appointment to fill a vacancy on the Commission within a period of six months from the date when the vacancy occurs.''.

Repeal of section 6 of Act 99 of 1997

5. Section 6 of the principal Act is hereby repealed.

Substitution of section 8 of Act 99 of 1997

6. The following section is hereby substituted for section 8 of the principal Act:

''**Term of office**

8. (1) Members of the Commission are appointed for a term of office not exceeding five years.

(2) The appointment basis of—

(a) the Chairperson of the Commission is full-time; and

(b) other members of the Commission are part-time.

(3) When the term contemplated in subsection (1) expires, a member may, subject to subsection (4), be reappointed in accordance with section 5.

(4) A person may not hold office as a member of the Commission for a period of more than 10 consecutive years.

(5) Despite subsection (1), a member of the Commission who immediately before the commencement of section 6 of the Financial and Fiscal Commission Amendment Act, 2015, was appointed on a full-time basis continues to serve on a full-time basis until that member's term expires.''.

Substitution of section 9 of Act 99 of 1997

7. The following section is hereby substituted for section 9 of the principal Act:

''**Remuneration, allowances and benefits**

9. (1) Members of the Commission shall be entitled to such remuneration, allowances and other benefits—

(a) as determined by the President, from time to time, by notice in the *Gazette*, taking into consideration the recommendations of the Independent Commission; and

(b) approved by the National Assembly in terms of subsection (5).

Tesourie, voortgaan met die opdraging van 'n bevoegdheid of funksie aan 'n ander staatsorgaan indien sodanige opdraging die maatreëls in subartikel (2A)*(a)*(i) bedoel in aanmerking neem."; en

(d) deur in subartikel (2D) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Voordat die staatsorgaan wat verlang om die bevoegdheid of funksie op te dra die aanbeveling **[of advies]** van die Kommissie versoek, moet die staatsorgaan, in die geval van—".

Wysiging van artikel 4 van Wet 99 van 1997

3. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Kommissie is verantwoordelik vir die bepaling van en oorsig oor die strategiese rigting en die operasionele beleid van die Kommissie, en kan alles doen wat nodig of dienstig is om sy funksies doeltreffend te verrig, wat die bevoegdheid insluit om—".

Wysiging van artikel 5 van Wet 99 van 1997, soos vervang deur artikel 2 van Wet 25 van 2003

4. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die President moet 'n aanstelling doen om 'n vakature in die Kommissie te vul binne 'n tydperk van ses maande vanaf die datum waarop die vakature ontstaan.".

Herroeping van artikel 6 van Wet 99 van 1997

5. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby herroep.

Vervanging van artikel 8 van Wet 99 van 1997

6. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Ampstermyn**

8. (1) Lede van die Kommissie word vir 'n ampstermyn van hoogstens vyf jaar aangestel.

(2) Die aanstelling van—

(a) die Voorsitter van die Kommissie is op 'n heeltydse grondslag; en

(b) ander lede van die Kommissie is op 'n deeltydse grondslag.

(3) Wanneer die ampstermyn in subartikel (1) bedoel verstryk, kan 'n lid, behoudens subartikel (4), ooreenkomstig artikel 5 heraangestel word.

(4) Iemand mag nie vir meer as 10 jaar agtereenvolgend 'n lid van die Kommissie wees nie.

(5) Ondanks subartikel (1), gaan 'n lid van die Kommissie wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van artikel 6 van die Wysigingswet op die Finansiële en Fiskale Kommissie, 2015, heeltyds aangestel is, voort om heeltyds te dien totdat daardie lid se termyn verstryk.".

Vervanging van artikel 9 van Wet 99 van 1997

7. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Vergoeding, toelaes en voordele**

9. (1) Lede van die Kommissie is geregtig op sodanige vergoeding, toelaes en ander voordele—

(a) soos van tyd tot tyd deur die President by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal, met inagneming van die aanbevelings van die Onafhanklike Kommissie; en

(b) ingevolge subartikel (5) deur die Nasionale Vergadering goedgekeur.

(2) The remuneration of a member shall not be reduced, nor shall the allowances and other terms and conditions of office and service benefits be adversely altered, during the term of office of the member.

(3) The Independent Commission shall, when investigating or considering the remuneration, allowances and other terms and conditions of office and service benefits of the members of the Commission, consult with the Minister.

(4) A notice in terms of subsection (1)*(a)* or any provision thereof may commence with effect from a date specified in the notice, which date may not be more than one year before the date of publication of the notice.

(5) *(a)* A notice issued under subsection (1)*(a)* shall be submitted to the National Assembly for approval before publication thereof.

(b) The National Assembly shall, by resolution—

(i) approve the notice, whether in whole or in part; or

(ii) disapprove the notice.''.

Repeal of section 12 of Act 99 of 1997

8. Section 12 of the principal Act is hereby repealed.

Amendment of section 14 of Act 99 of 1997

9. Section 14 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsection (4).

Amendment of section 16 of Act 99 of 1997

10. Section 16 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

''**Rules [of procedure]**'';

(b) by the deletion at the end of paragraph *(a)* of the word ''and''; insertion at the end of paragraph *(b)* after the word ''decisions'' of the expression ''; and''; and the addition after paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(c)* make rules regarding the effective corporate governance of the Commission, the distinct roles of, and the relationship between, the Chairperson of the Commission and the chief executive officer and the conduct of the employees of the Commission.''; and

(c) by the addition of the following subsection, the existing provision becoming subsection (1):

''(2) The Commission may, after consultation with the Minister, by notice in the *Gazette*, make rules regarding—

(a) requests by organs of state for the Commission to make recommendations in terms of section 3(2)*(b)*(ii);

(b) a power for the Commission to call for the production of books, documents or other objects, or to summon any person as a witness, cause an oath or affirmation to be administered to the person, or to examine the person; or

(c) any other ancillary or incidental administrative or procedural matter that is necessary to prescribe for the proper performance by the Commission of its functions.''.

Insertion of section 18A in Act 99 of 1997

11. The following section is hereby inserted in the principal Act, after section 18:

''**Conduct of members**

18A. (1) A member of the Commission—

(a) must perform the functions of his or her office in good faith and without fear, favour or prejudice;

(2) Tydens die lid se ampstermyn sal daardie lid se vergoeding nie verminder word nie, en die toelaes en ander bedinge en voorwaardes van amp en diensvoordele sal ook nie nadelig verander word nie.

(3) Die Onafhanklike Kommissie moet, wanneer hulle die vergoeding, toelaes en ander bedinge en voorwaardes van amp en diensvoordele van die lede van die Kommissie ondersoek of oorweeg, met die Minister oorleg pleeg.

(4) 'n Kennisgewing ingevolge subartikel (1)*(a)* of enige bepaling daarvan kan van krag word met ingang van 'n datum in die kennisgewing vermeld, welke datum nie meer as een jaar voor die datum van publikasie van die kennisgewing mag wees nie.

(5) *(a)* 'n Kennisgewing kragtens subartikel (1)*(a)* uitgereik, moet voor publikasie daarvan aan die Nasionale Vergadering voorgelê word vir goedkeuring.

(b) Die Nasionale Vergadering, by resolusie—

(i) keur die kennisgewing goed, hetsy in geheel of gedeeltelik; of

(ii) keur die kennisgewing af.''.

Herroeping van artikel 12 van Wet 99 van 1997

8. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 14 van Wet 99 van 1997

9. Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (4) te skrap.

Wysiging van artikel 16 van Wet 99 van 1997

10. Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**[Prosedurereëls] Reëls**'';

(b) deur aan die einde van paragraaf *(a)* die woord ''en'' te skrap; die uitdrukking ''; en'' na die woord ''besluite'' in paragraaf *(b)* in te voeg en die volgende paragraaf na paragraaf *(b)* by te voeg:

''*(c)* reëls maak aangaande die doeltreffende korporatiewe beheer van die Kommissie, die onderskeie rolle van, en verhouding tussen die Voorsitter van die Kommissie en die hoof uitvoerende beampte en die gedrag van die werknemers van die Kommissie.''; en

(c) deur die volgende subartikel by te voeg, sodat die bestaande bepaling subartikel (1) word:

''(2) Die Kommissie kan, na oorleg met die Minister, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, reëls uitreik aangaande—

(a) versoeke deur staatsorgane dat die Kommissie aanbevelings ingevolge artikel 3(2)*(b)*(ii) maak;

(b) 'n bevoegdheid vir die Kommissie om opdrag te gee dat boeke, dokumente of ander voorwerpe verskaf word, of om enige persoon as 'n getuie te dagvaar, 'n eed of bevestiging van die persoon te laat afneem, of om die persoon te ondersoek; of

(c) enige ander bykomstige of insidentele administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat voorgeskryf moet word vir die behoorlike verrigting deur die Kommissie van die Kommissie se funksies.''.

Invoeging van artikel 18A in Wet 99 van 1997

11. Die volgende artikel word hierby na artikel 18 in die Hoofwet ingevoeg:

''**Gedrag van lede**

18A. (1) 'n Lid van die Kommissie—

(a) moet die funksies van sy of haar amp te goeder trou en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel verrig;

(b) must disclose to the Commission any personal or private business interest which that member or that member's family member may have in any matter before the Commission, and must withdraw from the proceedings of the Commission when that matter is considered, unless the Commission decides that the member's interest in the matter is trivial or irrelevant;

(c) may not use the position or privilege of a member for private gain or to benefit another person improperly;

(d) may not act in any other way that compromises the credibility, impartiality, independence or integrity of the Commission; and

(e) must comply with the rules of conduct determined by the Minister by notice in the *Gazette*, after consultation with the Commission.

(2) For the purposes of this section, 'family member' means a person's—

(a) spouse;

(b) permanent life partner; or

(c) child, parent, brother or sister, whether such a relationship results from birth, marriage or adoption.

(3) A member of the Commission who contravenes or fails to comply with subsection (1) commits misconduct.''.

Amendment of section 19 of Act 99 of 1997

12. Section 19 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

''**[Administrative responsibilities of Chairperson] Chief executive officer and other staff of Commission**'';

(b) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) *(a)* The Commission must, in accordance with section 4(1)*(a)* and for a renewable period not exceeding five years at a time, appoint a suitably qualified and experienced person as the chief executive officer, who must also be the accounting officer of and the Secretary to the Commission;

(b) If a member of the Commission is appointed as chief executive officer of the Commission, the member is regarded as having resigned as a member of the Commission with effect from the date of assumption of duty as chief executive officer.'';

(c) by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''As chief executive officer **[the Chairperson]** of the Commission, the person referred to in subsection (1) is responsible for—'';

(d) by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''As accounting officer **[the Chairperson]** of the Commission, the person referred to in subsection (1) is responsible for—'';

(e) by the substitution in subsection (3)*(c)* for the words ''Part 5.'' of the words ''Part 5; and'';

(f) by the addition after subsection (3)*(c)* of the following paragraph:

''*(d)* all the functions and duties of an accounting officer of a constitutional institution in terms of the Public Finance Management Act.''; and

(g) by the addition of the following subsections:

''(4) The chief executive officer may—

(a) delegate any of his or her powers to any other employee of the Commission; or

(b) instruct any other employee of the Commission to perform any of his or her duties.

(5) A delegation or instruction in terms of subsection (4)—

(a) is subject to any conditions the chief executive officer may impose; and

(b) moet enige persoonlike of privaat sakebelang wat daardie lid of daardie lid se familielid in enige aangeleentheid voor die Kommissie het, aan die Kommissie openbaar maak, en moet van die verrigtinge van die Kommissie onttrek wanneer daardie aangeleentheid oorweeg word, tensy die Kommissie besluit dat die lid se belang in die aangeleentheid gering of irrelevant is;

(c) mag nie die posisie of voorreg van 'n lid gebruik vir privaat gewin of om iemand anders onbehoorlik te bevoordeel nie;

(d) mag nie op enige ander wyse optree wat die geloofwaardigheid, onpartydigheid, onafhanklikheid of integriteit van die Kommissie in die gedrang bring nie; en

(e) moet die gedragsreëls nakom soos deur die Minister, na oorleg met die Kommissie by kennisgewing in die *Staatskoerant*, bepaal.

(2) By die toepassing van hierdie artikel, beteken 'familielid' iemand se—

(a) gade;

(b) permanente lewensmaat; of

(c) kind, ouer, broer of suster, hetsy so 'n verhouding uit geboorte, huwelik of aanneming spruit.

(3) 'n Lid van die Kommissie wat subartikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan wangedrag skuldig.''.

Wysiging van artikel 19 van Wet 99 van 1997

12. Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**[Administratiewe verantwoordelikhede van Voorsitter] Hoof uitvoerende beampte en ander personeel van Kommissie**'';

(b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) *(a)* Die Kommissie moet, ooreenkomstig artikel 4(1)*(a)*, en vir 'n hernubare tydperk van hoogstens vyf jaar op 'n keer, 'n gepas gekwalifiseerde en ervare persoon as hoof uitvoerende beampte, wat ook die rekenpligtige beampte en Sekretaris van die Kommissie moet wees, aanstel;

(b) Indien 'n lid van die Kommissie as hoof uitvoerende beampte aangestel word, word die lid geag as 'n lid van die Kommissie te bedank het met ingang vanaf die datum van opname van pligte as hoof uitvoerende beampte.'';

(c) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''As hoof uitvoerende beampte **[is die Voorsitter]** van die Kommissie is die persoon in subartikel (1) bedoel verantwoordelik vir—'';

(d) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''As rekenpligtige beampte **[is die Voorsitter]** van die Kommissie, is die persoon in subartikel (1) bedoel verantwoordelik vir—'';

(e) deur in subartikel (3)*(c)* die woorde ''Deel 5.'' te vervang deur die woorde ''Deel 5; en'';

(f) deur die volgende paragraaf na subartikel (3)*(c)* by te voeg:

''*(d)* al die funksies en pligte van 'n rekenpligtige beampte van 'n grondwetlike instelling ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.''; en

(g) deur die volgende subartikels by te voeg:

''(4) Die hoof uitvoerende beampte kan—

(a) enige van sy of haar bevoegdhede aan 'n ander werknemer van die Kommissie delegeer; of

(b) enige ander werknemer van die Kommissie opdrag gee om enige van sy of haar pligte te verrig.

(5) 'n Delegering of opdrag ingevolge subartikel (4)—

(a) is onderhewig aan enige voorwaardes wat die hoof uitvoerende beampte kan oplê; en

(b) does not divest the chief executive officer of the responsibility concerning the exercise of the power or the performance of the duty.

(6) The chief executive officer may confirm, vary or revoke any decision taken by an employee in consequence of a delegation or instruction in terms of subsection (4).''.

Amendment of section 20 of Act 99 of 1997

13. Section 20 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) Persons in the public service seconded to the Commission perform their duties subject to the control and discipline of the **[Chairperson]** chief executive officer of the Commission.''.

Amendment of section 21 of Act 99 of 1997

14. Section 21 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) An employee of the Commission who becomes a member of that pension fund, is entitled to pension and retirement benefits as if that person is an **[official]** employee in the public service, as defined in section 1 of the Public Service Act, 1994.''.

Amendment of section 24 of Act 99 of 1997, as amended by section 4 of Act 25 of 2003

15. Section 24 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''As accounting officer of the Commission, the **[Chairperson]** chief executive officer must—''; and

(b) by the substitution for paragraph *(d)* of the following paragraph:

''*(d)* within two months after the end of each financial year, prepare annual financial statements as required by the Public Finance Management Act **[, 1999 (Act No. 1 of 1999)]**.''.

Amendment of section 26 of Act 99 of 1997, as amended by section 5 of Act 25 of 2003

16. Section 26 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''The report must be submitted **[within six months after the end of the financial year to which it relates]** in accordance with section 40(1)*(e)* of the Public Finance Management Act, and must include—''; and

(b) by the substitution in subsection (2) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* audited financial statements reflecting the Commission's financial affairs during the year, as required by the Public Finance Management Act **[, 1999 (Act No. 1 of 1999)]**.''.

Amendment of section 27 of Act 99 of 1997

17. Section 27 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) The Commission may obtain information it requires for the performance of its functions from **[the Central Statistical Service]** Statistics South Africa, referred to in section 4(1) of the Statistics Act, 1999 (Act No. 6 of 1999), or any other organ of state or person the Commission considers appropriate.''.

(b) ontneem nie die hoof uitvoerende beampte van die verantwoordelikheid vir die uitoefening van die bevoegdheid of die verrigting van die plig nie.

(6) Die hoof uitvoerende beampte kan enige besluit wat na aanleiding van 'n delegering of instruksie ingevolge subartikel (4) deur 'n werknemer geneem is, bevestig, verander of herroep.''.

Wysiging van artikel 20 van Wet 99 van 1997

13. Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) Persone in die staatsdiens wat aan die Kommissie gesekondeer is, verrig hul pligte behoudens die beheer en dissipline van die **[Voorsitter]** hoof uitvoerende beampte van die Kommissie.''.

Wysiging van artikel 21 van Wet 99 van 1997

14. Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) 'n Werknemer van die Kommissie wat 'n lid van daardie pensioenfonds word, is geregtig op pensioen en aftreevoordele asof daardie persoon 'n **[beampte]** werknemer in die staatsdiens is, soos in artikel 1 van die Staatsdienswet, 1994, omskryf.''.

Wysiging van artikel 24 van Wet 99 van 1997, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 25 van 2003

15. Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''As rekenpligtige beampte van die Kommissie, moet die **[Voorsitter]** hoof uitvoerende beampte—''; en

(b) deur paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(d)* binne twee maande na die einde van elke finansiële jaar, finansiële jaarstate voorberei soos deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, **[1999 (Wet No. 1 van 1999),]** vereis.''.

Wysiging van artikel 26 van Wet 99 van 1997, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 25 van 2003

16. Artikel 26 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Die verslag moet voorgelê word **[binne ses maande na die einde van die finansiële jaar waarop dit betrekking het]** ooreenkomstig artikel 40(1)*(e)* van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, en moet insluit—''; en

(b) deur in subartikel (2) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* geouditeerde finansiële state wat die Kommissie se finansiële sake gedurende die jaar aantoon, soos vereis deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur**[, 1999 (Wet No. 1 van 1999)]**.''.

Wysiging van artikel 27 van Wet 99 van 1997

17. Artikel 27 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die Kommissie kan inligting wat hy benodig vir die verrigting van sy funksies van **[die Sentrale Statistiekdiens]** Statistieke Suid-Afrika, bedoel in artikel 4(1) van die Wet op Statistieke, 1999 (Wet No. 6 van 1999), of enige ander staatsorgaan of persoon wat die Kommissie geskik ag, bekom.''.

Repeal of sections 30, 31, 32, 33 and 34 of Act 99 of 1997

18. Sections 30, 31, 32, 33 and 34 of the principal Act are hereby repealed.

Amendment of law

19. The law mentioned in the Schedule is hereby amended to the extent set out in the third column of the Schedule.

Amendment of Arrangement of Sections to Act 99 of 1997

20. The Arrangement of Sections to the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for item 16 of the following item:

"**16.** Rules **[of procedure]**";

(b) by the insertion after item 18 of the following item:

"**18A.** Conduct of members"; and

(c) by the substitution for item 19 of the following item:

"**19. [Administrative responsibilities of Chairperson]** Chief executive officer and other staff of Commission".

Short title

21. This Act is called the Financial and Fiscal Commission Amendment Act, 2015.

Herroeping van artikels 30, 31, 32, 33 en 34 van Wet 99 van 1997

18. Artikels 30, 31, 32, 33 en 34 van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van wet

19. Die wet in die Bylae genoem word hierby gewysig tot die mate in die derde kolom van die Bylae uiteengesit.

Wysiging van Indeling van Artikels tot Wet 99 van 1997

20. Die Indeling van Artikels tot die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur item 16 deur die volgende item te vervang:

"**16. [Prosedurereëls]** Reëls";

(b) deur die volgende item na item 18 in te voeg:

"**18A.** Gedrag van lede"; en

(c) deur item 19 deur die volgende item te vervang:

"**19. [Administratiewe verantwoordelikhede van Voorsitter]** Hoof uitvoerende beampte en ander personeel van Kommissie".

Kort titel

21. Hierdie Wet heet die Wet op die Finansiële en Fiskale Kommissie, 2015.

Schedule

Laws amended (section 19)

Number and year of law	Short title	Extent of amendment
Act No. 92 of 1997	Independent Commission for the Remuneration of Public Office-bearers Act	**Amendment of section 1 of Act 92 of 1997, as amended by section 7 of Act 28 of 2003 and section 8 of Act 22 of 2014** Section 1 of the Independent Commission for the Remuneration of Public Office-bearers Act, 1997, is hereby amended— *(a)* by the substitution for the definition of "constitutional institution" of the following definition: " **'constitutional institution'** means the Public Protector, the Auditor-General and any commission established by Chapter 9 of the Constitution, including the Independent Communications Authority of South Africa **[referred to]** contemplated in section 192 of the Constitution and the Financial and Fiscal Commission referred to in section 220 of the Constitution;"; and *(b)* by the substitution for paragraph *(f)* of the definition of "office-bearer" of the following paragraph: "*(f)* any member or office-bearer of **[an independent]** the constitutional institution, including the Deputy Public Protector;".

Bylae

Wette gewysig (artikel 19)

Nommer en jaar van wet	**Kort titel**	**Omvang van wysiging**
Wet No. 92 van 1997	Wet op die Onafhanklike Kommissie vir die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs	**Wysiging van artikel 1 van Wet 92 van 1997, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 28 van 2003 en artikel 8 van Wet 22 van 2014** Artikel 1 van die Wet op die Onafhanklike Kommissie vir die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 1997, word hierby gewysig— *(a)* deur paragraaf *(f)* van die omskrywing van ‘‘ampsbekleër’’ deur die volgende paragraaf te vervang: ‘‘*(f)* ’n lid of ampsbekleër van **[’n onafhanklike]** die grondwetlike instelling, met inbegrip van die Adjunk Openbare Beskermer;’’; en *(b)* deur die omskrywing van ‘‘grondwetlike instelling’’ deur die volgende omskrywing te vervang: ‘‘ **‘grondwetlike instelling’** die Openbare Beskermer, die Ouditeur-generaal en enige kommissie by Hoofstuk 9 van die Grondwet, ingestel, met inbegrip van die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika in artikel 192 van die Grondwet beoog en die Finansiële en Fiskale Kommissie in artikel 220 van die Grondwet bedoel;’’.